ORGANISEER ... BEKAMP CORONAVIRUS NOU!

Voorkom dat base werkers en gemeenskappe se lewens in gevaar stel!

Teen 9 Junie 2020, is meer as 6 miljoen mense wêreldwyd, binne 'n tydperk van ses maande, met coronavirus, of COVID-19, besmet. Die virus het toe reeds 140 000 lewens geëis in lande soos Duitsland, Engeland, Amerika, Italië, China en in die Midde Ooste. Die coronavirus het in Suid-Afrika geland en sal waarskynlik landswyd versprei oor die volgende paar weke. Die gevolge van die virus in Suid- Afrika kan baie ernstiger wees omdat mense dig opmekaar woon en saam reis; baie gemeenskappe het nie lopende water nie en min toegang tot gesondheidsorg.

Die regering het buitelandse reis stopgesit en skole toegemaak. Maar winkels, gimnasiums, pakhuise en fabrieke is nog oop. Dit beteken werkers word steeds gedwing om werk toe te gaan!

Die base hou produksie aan die gang om geld te maak! Die virus is hoogs aansteeklik en kan dodelik wees vir mense ouer as 60 en mense met bestaande gesondheidsprobleme. Die base stel mense in ons gemeenskappe in gevaar.As die baas 'n werker verplig om huis toe te gaan, of die werkplek sluit om die verspreiding van die virus te bekamp, moet werkers steeds betaal word en nie hul jaarlikse verlof of siekteverlof verloor nie. Volgens die Departement van Arbeid se nuwe riglyne oor die coronavirus is hierdie werkers op "spesiale verlof".

Ons weet base verkies dat produksie voortgaan, selfs wanneer mense sterf. So ... wat kan werkers doen?

PRAKTIESE STAPPE VIR WERKERS OM COVID-19 TE BEVEG

Werkers moet 'n Covid-19krisis-komitee (CKK) in elke werksplek stig, of selfs in elke departement. Elke komiteelid moet kleiner groepies in die werksplek verteenwoordig. Hierdie komitees moet aan die begin en einde van elke skof met die bestuur ontmoet – begin vandag nog! Komitees moet die volgende opsies oorweeg om die verspreiding van die virus te bekamp

1. As jou maatskappy produkte kan produseer om coronavirus te bekamp, dring aan dat jou base ophou om onnodige items te vervaardig - en op noodsaaklike produkte fokus.

2. As produksie by jou werksplek voortgaan, dring aan dat jou werkgewer streng gesondheid- en veiligheidstandaarde volg en gereelde gratis toetsing vir werkers voorsien.

3. As jou maatskappy luukse goedere produseer wat nie help om die virus te beveg nie, dring aan dat die maatskappy sluit en voortgaan om werkers te betaal.

CWAO
CASUAL WORKERS ADVICE OFFICE

ILRIG

LEES DIE VOLGENDE BLADSY VIR MEER DETAILS OOR HIERDIE DRIE OPSIES!

1

Stop alle onnodige produksie - met betaling gewaarborg vir werkers!

- As jou maatskappy net luukse goedere produseer, dra dit nie by om die virus te bekamp nie.
- Deur jou te dwing om te werk, stel jou baas jou en mense in jou gemeenskap se lewens in gevaar.
- Dring daarop aan dat jou baas die fabriek sluit en op skrif waarborg dat betaling vir werkers sal voortgaan.

2

Verplig jou baas om net produkte te vervaardig wat coronavirus help beveg!

- As jou maatskappy belangrike produkte kan vervaardig wat coronavirus bekamp, dring daarop aan dat hulle ophou om onnodige items te vervaardig. Hier is 'n paar idees vir maatskappye in die volgende industrieë:
- Chemies: Vervaardig net hand-saneermiddles (sanitisers), seep, skoonmaakmiddels, medisyne – nie parfuum nie!
- Kosprodusering: Vervaardig net bekostigbare, voedsame kos – nie lekkergoed of koek nie!
- Publieke sektor/EPWP (Expanded Public Works Programme): Reinig openbare plekke – veral taxistaanplekke, treinstasies en ander gebiede met 'n hoë digtheid – nie voorstede nie!
- Logistieke: Vervoer kos en ander mediese voorrade na townships – nie luukse goedere nie!
- Tekstiel: Produseer gesigsmaskers en ander veiligheidsitems soos Publieke Beskermende Drag – nie Gucci!

3

Verplig jou baas om gesondheid- en veiligheidstandaarde te volg!

Afdeling 8.1 van die Beroepsgesondheid- en Veiligheidswet sê "elke werkgewer sal, sover as redelik uitvoerbaar, 'n veilige werksomgewing, sonder risiko vir die werknemers se gesondheid, voorsien en in stand hou".

Coronavirus hou ernstige gevaar in vir jou gesondheid – dit kan selfs dodelik wees vir bejaardes en mense met bestaande gesondheidsprobleme. As jou werkgewer nie die riglyne hieronder volg nie, lig hulle in dat hulle die wet breek!

- Voorsien betaalde verlof aan bejaarde werkers (oor 60) en werkers met bestaande gesondheidsprobleme.
- Voorsien gratis vervoer vir werkers vanaf en na hul huise, sodat werkers nie openbare vervoer hoef te gebruik nie.
- Voorsien werkers elke dag van nuwe en weggooibare maskers.
- Voorsien hand-saneermiddels (sanitisers) en sjirurgiese handskoene.
- Vestig plekke oor die hele werksplek om hande te was.
- Voorsien werkers van weggooibare afveelappies en skoonmaakmiddels om die werkstasies gereeld te reinig.
- Maak die werksplek gereeld skoon met saneermiddels (sanitisers)
- Stel 'n professionele gesondheidsorgwerker aan in elke werkplek en doen gereelde toetse vir COVID-19, veral as werkers simptome van die siekte toon.

VIR MEER INLIGTING:

VERSPREI INLIGTING, NIE CORONAVIRUS BESKERM JOU GEMEENSKAP EN ALMAL SE GESONDHEID!

Coronavirus, of Covid-19 het regoor die wêreld versprei. Teen 9 Junie 2020 was daar meer as 50 000 positiewe gevalle in Suid-Afrika - in Limpopo, Mpumalanga, KZN, Free State, Western Cape en Gauteng.

HOE VERSPREI DIE COVID-19 VIRUS?

Die virus versprei maklik van mens tot mens (binne 1-2 meter) in klein, onsigbare spoegdruppeltjies wat spat wanneer 'n persoon hoes, nies of praat. Jy kan ook aansteek wanneer jy aan 'n oppervlak raak met die virus daarop - en dan aan jou gesig (mond, neus en oë) vat.

Die infeksie-gevaar is op sy hoogste vir mense wat in aanraking kom met mense wat Covid-19 het. Jy kan net weet dat 'n persoon positief is wanneer hulle getoets is. Toetsing vir die virus word in spesiale laboratoriums gedoen.

HOE GEVAARLIK IS DIE VIRUS?

Hoewel enige iemand met die virus aangesteek kan word, is dit meeal ouer mense en mense met bestaande siektes, soos hoë bloeddruk, hart- en longprobleme, of suikersiekte.
Mense wat Covid-19 opdoen, kan ernstige longontsteking kry.

In Suid-Afrika loop die werkersklas 'n hoë risiko om coronavirus op te doen weens weidverspreide armoede, sosiale ongelykheid, die mislukte openbare gesondheidstelsel, die nalatenskap van slegte voeding, oorbevolking en chroniese siektes. Ons moet alle voorsorgmaatreëls neem om die verspreiding van die virus ORAL in toom te hou - huishoudings, werksplekke, organisasies en gemeenskappe.

WAT IS DIE SIMPTONE?

Die mees algemene simptome sluit die volgende in (maar daar kan ook ander simptome wees):

- Droë hoes
- Koors
- Oorweldigende moegheid
- Kortasem (moeilike asemhaling)
- Seer keel

- Koors
- Hoes
- Seer keel
- Moeilike asemhaling

VOORKOMING: HOE OM DIE VERSPREIDING VAN DIE COVID-19 VIRUS TE VERMINDER

- Goeie handhigiëne: Was jou hande (bo en onder, tussen jou vingers; naels en voorarms) met seep en water vir ten minste 20 sekondes. Doen dit voor en na ete, nadat jy die toilet gebruik het, jou neus geblaas het, hoes of nies. As water nie beskikbaar is nie, gebruik 'n hand-saneerder (sanitiser) met 'n alkohol-basis.
- Bedek jou gesig wanneer jy hoes of nies. Gebruik skoon sneesdoekies en gooi dit dadelik weg.
- Reining en ontsmet voorwerpe en oppervlaktes wat jy dikwels aanraak (soos selfone, deurknoppe ens.).
- Moenie aan jou gesig vat nie (neus, oë, mond, ens.)
- Moenie aan oppervlaktes vat nie - soos trapreëlings, roltrappe, deurknoppe en hyserknoppies.
- Vermy kontak met siek mense.
- Gesigmaskers bied beperkte beskerming want dit pas los

VOORKOMING: HOE OM DIE VERSPREIDING VAN DIE COVID-19 VIRUS TE VERMINDER

- **Goeie handhigiëne:** Was jou hande (bo en onder, tussen jou vingers; naels en voorarms) met seep en water vir ten minste 20 sekondes. Doen dit voor en na ete, nadat jy die toilet gebruik het, jou neus geblaas het, hoes of nies. As water nie beskikbaar is nie, gebruik ‘n hand-saneerder (sanitiser) met ‘n alkohol-basis.
- **Bedek jou gesig wanneer jy hoes of nies.** Gebruik skoon sneesdoekies en gooi dit dadelik weg.
- **Reining en ontsmet** voorwerpeen oppervlaktes wat jy dikwels aanraak (soos selfone, deurknoppe ens.).
- **Moenie aan jou gesig vat nie** (neus, oë, mond, ens.)
- **Moenie aan oppervlaktes vat nie** -soos trapreëlings, roltrappe, deurknoppe en hyserknoppies.·
- **Vermy kontak met siek mense.**
- Gesigmaskers bied beperkte beskerming want dit pas los.

AS JY SIEK VOEL: AS JY SIMPTOME VAN COVID-19 ERVAAR –

- Isoleer jouself dadelik deur tuis te bly en advies te kry.
- **Bel die Noodhulplyn: 0800 029 999**
- Stuur “Hi” na die **WhatsApp Ondersteuning/Support lyn: 0600 123456**
- Vermy openbare plekke sodat jy nie ander mense aansteek nie.
- Kry mediese hulp wanneer jy simptome ontwikkel.

BEHANDELING:

Daar is geen spesifieke behandeling vir COVID-19, maar jy moet mediese sorg kry om jou te help om simptome te verlig. In ernstige gevalle sal behandeling onder kwarantyn geskied - by ‘n hospitaal of ‘n gesondheidsfasiliteit. Behandeling en entstof word nagevors en internasionaal geëvalueer - en sal hopelik spoedig suksesvolle resultate lewer.

Bewapen jouself met kennis, verstewig solidariteit, deel hulpbronne en toon medelye – niemand van ons kan alleen die wa deur die drif trek nie.

Organiseer en Staan Saam teen die Coronavirus

VOORKOMING IS BETER AS GENESING!

Onderskryf deur:

Gauteng Community Health Workers Forum; GIWUSA; African Reclaimers Organisatiom; Feminist Network; Khanya College; Simunye Workers Forum; Casual Workers Advice Office.

CWAO
CASUAL WORKERS ADVICE OFFICE

ILRIG

VIR MEER INLIGTING:

ORGANISEER TEEN CORONAVIRUS

HOE KAN ONS ONS GEMEENSKAPPE VERDEDIG TEEN CORONAVIRUS?

Die ANC-regering is duidelik nie ernstig oor die beskerming van die werkersklas teen coronavirus nie. Hulle het die land verseker hulle is gereed vir Covid-19, maar saneerders (sanitisers) is eers afgelewer in arm gemeenskappe, soos Alex, Duduza en Umlazi, nádat infeksies gerapporteer is!

Die boodskap is duidelik – arm gemeenskappe, julle is op jul eie! Maar ons gaan nie wag tot ons mense sterf nie. Kom ons bewapen onsself met kennis, organisasie en beveg die virus!

Net 'n vasbeslote stryd sal diehoudingvan die ANC-regering verander om die gesondheid en veiligheid van ons gemeenskappe ernstig op te vat.

Ons MOET harder veg vir: ·

- Water en sanitasie·
- Gratistoetsfasiliteite vir almal·
- Gratis verspreiding van ordentlike maskers·
- Gratisbehandeling vir ALMAL

Gemeenskappe moet herhaaldelik aandring opveiliger vervoer en werk-kondisies vir noodsaaklike werkers. Die staat MOET 'n koopbewysvan ten minste R2000 per werklose familie gee vir kos en ander noodsaaklikhede om die virus te oorleef. Staan op en beskerm ons gemeenskappe!

WERKERS EN GEMEENSKAPPE: GOOI WAL TEEN CORONAVIRUS!

- Die ANC-regering is meer bekommerd oor base se wins as om werkers se lewens te red!
- Ons gemeenskappe moet saamstaan en onsself beskerm. Ons kan nie wag op die staat nie.
- Ons moet virus-wakker word en praktiese stappe neem om verspreiding te stop – soos om geboue en ander gemeenskapsbronne te identifiseer wat gebruik kan word vir toetsing en kwarantyn.
- Dié aksie verg koördinasie tussen klein groepies aktiviste wat in veiligheid vergader en vinnig optree.
- Ons moet veg om die staat te kry om gratis toetsing vir almal te doen.
- Die staat moet maatskappye verplig om saneerders (sanitisers), handskoene en maskers te vervaardig en om dit aan hospitale, klinieke en gemeenskappe te versprei.
- Base moet verplig word word om ontslaande werkers hul volle salarisse te betaal.
- Noodsaaklike diens-werkers moet persoonlike beskermende toerusting kry, veilige vervoer en gratis toetsing.

ORGANISEER TEEN CORONAVIRUS

Noodsaaklike dienste moet coronavirus bestrei, nie wins maak vir base nie!

- **Noodsaaklike goedere en dienste is desperaat nodig om die verspreiding van coronavirus te bekamp.**
- Werkers wat produkte produseer soos gesondheidskos, seep, saneerders (sanitisers), maskers en ander mediese produkte, is **ons beste hoop om die virus te verslaan.**
- Maar talle maatskappye bly oop omdat hulle as 'noodsaaklike dienste' gekategoriseer is, al maak hulle nie produkte wat ons benodig om te oorleef nie.
- As jou maatskappy produkte kan vervaardig om die virus die nek in te slaan, dring daarop aan dat jou base ophou om onnodige items te vervaardig en eerder op noodsaaklikhede fokus.
- Jou baas moenie groot wins probeer maak uit noodsaaklike items nie – dring daarop aan dat dit bekostigbaar is en na werkersklas-gemeenskappe gestuur word.
- As produksie by jou werksplek voortgaan, dring daarop aan dat jou werkgewer streng gesondheid- en veiligheidstandaarde volg, asook gratis toetsing vir werkers en maatskappy-vervoer voorsien.

CWAO
CASUAL WORKERS ADVICE OFFICE

ILRIG

VIR MEER INLIGTING:

HOE OM JOU WERGEWERS AANSPREEKLIK TE HOUAS JOU MAATSKAPPY SLUIT TYDENS INPERKINGNEE VIR ONTSLAG EN AFDANKINGS

Sê NEE vir ontslag en afdankings! Die Inperking is tydelik.
NEE VIR "GEEN WERK, GEEN BETALING"
Die situasie is nie 'n staking nie. Werkers moenie betaling verloor nie.

DRING AAN OP JOU VOLLE LOON

As die maatskappy noodgedwonge tydens Inperking moet sluit, is werkers op 'n tydelike aflegging – en moet betaal word. Die onderneming kan bekostig om jou vir 21 dae te betaal. As hulle huil oor geld, moet hulle aandring op hulp van die regering. Regerings in Europa en die Amerikas betaal werkerslone gedurende die Covid-19 pandemie.
MOENIE JOU JAARLIKSE VERLOFVOORDELE OPGEBRUIK NIE.

Inperking is nie 'n vakansie nie. Jy kan nie gedwing word om jaarlikse verlof te neem nie. Dring aan daarop dat die maatskappy spesiale betaalde verlof gee vir die Inperking.

DIE WVF (UIF) RAMPFONDS

- Die Suid-Afrikaanse regering het beloof om ten minste R3800 per werker te betaal, vir drie maande, uit die WVF (UIF) se 'Nasionale Ramp-voordeel'. Die geld is bestem vir werkers wat nie tydens Inperking betaal word nie. Dit is die minimum loon, wat nie genoeg is om te oorleef nie.
- Werkers wat ingeperk is, kan hierdie geld eis as daar nie ander opsies is nie. Die WFV (UIF) is reeds werkersgeld, wat beteken dat die base en die regering wegkom sonder om iets te betaal. Hulle maak dat werkers eintlik hul eie lone betaal.
- Om vertragings te voorkom wanneer werkgewers WVF (UIF) gebruik, kan die werkers aandring dat die werkgewer die WFV (UIF) bedrag betaal en dan terug-eis van die fonds.

AS JOU WERKPLEK OOP BLY TYDENS INPERKING

- Net ondernemings wat goedere en dienste verskaf wat nodig is om die coronavirus te beveg, is veronderstel om te opereer tydens Inperking.
- As jou maatskappy gekategoriseer is as 'n noodsaaklike diens, dring daarop aan dat hulle net produkte vervaardig wat nodig is om die virus te beveg – soos maskers, saneerders (sanitisers), seep, gesonde kos, mediese voorraad, matrasse vir siekes ens.
- Geen werker behoort hul gesondheid op die spel te sit vir luukse goedere nie!
- Werkers moet daarop aandring dat die noodsaaklike items wat hulle produseer, na werkersklas-gemeenskappe gestuur word en nie verkoop word vir groot winste nie!

WAT IS JOU REGTE AS JY AANHOU WERK TYDENS DIE INPERKING?

Jy het die reg om in ‘n veilige, gesonde werksplek te werk. Die Beroepsgesondheid- en Veiligheidswet verplig jou en die werkgewer om werkers veilig en gesond te hou by die werk.

As jy tydens Inperking werk, loop jy gevaar om met die coronavirus, wat Covid-19 veroorsaak, aangesteek te word. Dring aan dat die maatskappy die werksplek veilig maak vir jou en ander werkers. Die maatskappy moet aan die volgende voldoen:

- Verskaf hand-saneerder (sanitiser) en handskoene as werkers dikwels aan goed raak wat ander mense ook aan raak.
- Gee werkers volop geleenthede om hande te was met seep
- Reinig die werksplek dikwels met bleikmiddel en water
- Maak seker daar is goeie lugtoevoer in die werksruimte
- Hou werkers 1-2 meters weg van mekaar, asook die publiek.
- Maak seker werkers word nie dig bymekaar opgebondel nie.
- Voorsien werkvervoer om werkers weg te hou van openbare taxis en treine.

Jy kan weier om instruksies te volg wat onveilig is. Byvoorbeeld, as jy ‘n kassier is wat kontak het met die publiek, kan jy weier om te werk tensy jy beskermende drag gegee word - soos hand saneerder (sanitier) en selfs handskoene, indien nodig.

Maak seker jy verwittig die baas hoekom jy weier om die instruksie te volg wat jou in gevaar stel. Dit is onregverdig om jou te ontslaan as jy weier om iets uit te voer ter wille van die beskerming van jou gesondheid.

WERKERS BEHOORT ‘N KRISIS-KOMITEE IN ELKE WERKSPLEK TE VORM, VIR ELKE SKOF - OM TE VERSKER DAT:

a) Omgesien word na die gesondheid en veiligheid van alle werkers
b) Jou maatskappy noodsaaklike produkte vervaardig wat sal help om die virus hok te slaan in werker-gemeenskappe.

KRISIS KOMITEES MOET GEREELD MET DIE BESTUUR VERGADER!

CWAO
CASUAL WORKERS ADVICE OFFICE

ILRIG

VIR MEER INLIGTING:

TYDELIKE WERKGEWER/WERKNEMER VERLIGTINGSKEMA (TWVS)

Die Wet sê base moet aansoek doen vir TWVS om te betaal vir werkers wat lone verloor gedurende inperking.

DIE DOEL VAN DIE TYDELIKE WERKGEWER/WERKNEMER VERLIGTINGSKEMA (TWVS)

Die Verligting-skema (TWVS) is deur die regering en die WVF/UIF (die Werkloosheidsverskeringsfonds) ingestel om werkers te ondersteun gedurende die inperking. Die skema sê base moet aansoek doen by die WVF (UIF) om werkers, wat hul inkomste verloor het, te betaal.

WATTER WERKERS KWALIFISEER VIR TWVS-VOORDELE?

Die skema sê dat werkers wat lone weens die coronavirus verloor het, voordele moet kry. Dit is dus vir werkers wat afgedank is, asook werkers wat nou korter ure werk.
Net werkers wat bygedra het tot die WVF, kwalifiseer vir TWVS-voordele. Werkers wat nie bygedra het tot die WVF nie, sal nie geld van die TWVS ontvang nie - selfs al is dit hul werkgewer se skuld dat hulle nie geregistreer is nie.

KWALIFISEER WERKERS VAN MAATSKAPPYE WAT GEDEELTELIK GESLUIT IS?

'n Maatskappy wat 'n gedeelte van sy werkers afdank, maar steeds werk, moet voordele eis vir sy afgedankte werkers.

SAL WERKERS WAT NOU TERUGKEER WERK TOE, STEEDS KWALIFISEER?

Werkers wat nou terug werk toe gaan, maar lone verloor het in die eerste fase van die inperking, kwalifiseer om die lone wat hulle verloor het, terug te kry. Werkers wat terugkeer om verkorte ure te werk onder vlak 4, kan vir TWVS-voordele kwalifiseer, bo-op die lone wat hulle vir die maand verdien.

WAT VAN WERKERS WAT GEDWING IS OM JAARLIKSE VERLOF TE NEEM?

Werkers wat gedwing is om betaalde verlof te neem in die begin van die inperking, moet hul verlof terugkry. Hul werkgewer kan aansoek doen by die skema om die geld wat aan die werkers betaal is, terug te kry - maar net as die werkers se jaarlikse verlof ook teruggegee is.

"GEEN WERK, GEEN GELD"

Base wat hul werkers verplig het om onbetaalde verlof te neem, moet nou aansoek doen by die skema - en werkers die lone betaal wat hulle sedert die inperking verloor het.

HOEVEEL WORD WERKERS BETAAL DEUR DIE TWVS, EN VIR HOE LANK?

Werkers kan tussen R3500 en R6730 per maand kry van die TWVS - afhangende van hoeveel hulle gewoonlik verdien. Die regulasies stipuleer nie dat werkers 'n sekere aantal ure moet werk voordat hulle vir die minimum van R3500 kwalifiseer nie. Selfs werkers met fleksi-ure moet hierdie minimum betaal word.

TWVS stel base in staat om werkers se salarisse aan te vul, sodat hulle hul gewone maandelikse of weeklikse lone kan verdien. Werkers kry TWVS vir tot 3 maande, afhangende van hoe lank die inperking duur.

WIE MOET VAN DIE TWVS EIS – WERKERS OF BASE?

Die TWVS sê dat base die geld van die TWVS moet eis en dan die werkers betaal; die TWVS dring ook aan by base om hul werkers eers te betaal en dan die geld terug te eis. Werkers hoef nie vorms in te vul om geld van die TWVS te kry nie.

WERKERS WAT ONDER BEDINGINGSRADE VAL

Party bedingingsrade het ooreenkomste aangegaan om werkers die toekennings van die TWVS-WVF te betaal. Alle base wat onder bedingingsrade val, moet deur die bedingingsraad eis. Die bedingingsraad sal dan die werkers uitbetaal.

TWVS SE SIEKTE-VOORDEEL

'n Werker wat self-isoleer omdat hlle simptone van Covid toon, moet op siekteverlof gesit word. Geen mediese sertifikaat is nodig nie. As die werker se siekteverlof opraak, moet die werknemer namens die werker aansoek doen vir TWVS se siektevoordele.

KOMPENSASIE VIR WERKERS WAT POSITIEF TOETS

As 'n werker positief toets vir Covid-19 en as dit waarskynlik is dat die virus by die werk opgedoen is, moet die werkgewer kompensasie eis volgens die Wet op Vergoeding van Beroepsbeserings en Siektes (COIDA).

SAL 'N EIS VIR TWVS-VOORDELE 'N WERKER SE WVF-VOORDELE BEÏNVLOED?

Covid-19 se TWVS-geld wat aan werkers betaal word, kom nie van die gewone WVF-voordele nie.

RAPPORTEER JOU WERKGEWER

Rapporteer jou werkgewer as hulle weier om te eis vir jou loon-verlies of vir die verlof wat jy verplig was om te neem. Gee jou werknemer aan by die provinsiale inspekteur van 'n Arbeids Wes-Kaap 082 791 4485

CWAO
CASUAL WORKERS ADVICE OFFICE

ILRIG

VIR MEER INLIGTING: